BEELD (Tshwane)
Wednesday, 8 April 2009, p. 3

Polistireen nou ook 'groen' afval

Sylvia van Zyl

Pretorianers behoort teen dié tyd te weet hoe belangrik herwinning vir die omgewing is.

Baie inwoners herwin reeds getrou plastiek, papier en glas, maar nie almal besef dat jy nou ook die polistireenhouers kan herwin waarin kitskos, vleis en elektroniese toestelle verpak word nie.

Die eerste groot polistireen-herwinningsprogram in die Jakarandastad is onlangs deur Allied Recyclers in samewerking met die Polistereenverpakkingsraad op die been gebring. Hulle besoek maatskappye, skole en herwinningspersele in Pretoria en laai groot hoeveelhede polistireenafval op. Dit word na hul perseel in Pretoria-Noord geneem vir herwinningsdoeleindes.

'n Plaaslik vervaardigde masjien pers die polistireen saam tot ongeveer 40% van die oorspronklike volume.

Dié herwonne produk word vir die vervaardiging van onder meer fotorame en gordynrelings gebruik.

Persele waar die publiek polistireen kan afgelaai, word nog geïdentifiseer.

■ Vir inligting oor Allied Recyclers skakel ☎ 012 565 6664 of stuur 'n e-pos aan allied@lantic.net. Vir inligting oor polistireenherwinning besoek die webtuiste www.polystyrenepackaging.co.za.